DEEL 115 | WEEK 41 | 13 OKTOBER 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BEGIN VAN NUWE SEISOEN






## Donker skaduwee in September

Die maand van September het 'n donker skaduwee oor veeplase in die Heilbron omgewing gelaat, met 'n reeks veediefstalle wat hier plaasgevind het. Een van die boere wat deurgeloop het, is Daan du Plessis. Ses beeste is op die plaas Boskop gesteel, maar gelukkig het hy alles teruggekry. Tsaats Hattingh van die Newlands-plaas was ook 'n slagoffer. Hy het 24 skape verloor, terwyl Frans Muller van Stillerust twee beeste afgestaan het aan die veediefstal. SW Theron is twee maal in September deur veediewe geteister. Die polisie het wel een van die diewe in hegtenis geneem. Die veediewe het egter nie opgehou nie en het ook op die plaas Leeupoort toegeslaan, waar nog twee beeste gesteel is. Herman Claassen was ook onder die boere wat in Septembermaand deurgeloop het, met 11 beeste, waarvan slegs vyf teruggevind is. Christo Lötter van Taaibos is nog 'n boer wie se vee in die visier van veediewe was. Dertig van sy skape is gesteel, maar gelukkig is al dertig gevind. Heilbron boere trek werklik swaar onder die aanhoudende bedreiging deur veediefstal. Dit is egter bemoedigend om te sien dat die regstelsel wel op veediewe toeslaan. Op Dinsdag, 10 Oktober, is drie veediewe tot vyf jaar direkte tronkstraf gevonnis vir hulle betrokkenheid by die diefstal op die plaas Langverwaght van Faan Potgieter Jnr. In 2022 is 18 van sy skape gesteel met 'n geskatte waarde van R54,000. Gelukkig is 16 van die skape lewendig gevind, maar twee is reeds dood aangetref in Zamdela. Die beskuldigdes is in die streekshof deur Landdros Moos van Bloemfontein gevonnis. Die aanklaer, Sam Ramokoatsie, en die ondersoekbeampte, Adjudant Offisier Moses Nhlapo, het 'n belangrike rol in hierdie saak gespeel. Een van die veroordeelde persone staan weer later saam met ander beskuldigdes tereg op nog vyf veediefstalle in die Heilbron-omgewing. Hierdie vonnis dien as 'n waarskuwing aan veediewe en 'n bemoediging vir die boere. Boere word ook aangemoedig om nie net hulle vee te brandmerk nie, maar ook om te tatoeëer, aangesien veediewe boere se brandmerke uitwis, en hul eie brandmerk opsit, wat dit moeilik maak vir polisiebeamptes, asook boere om hul vee uit te ken.






# Kliniese borsondersoeke

*Dinsdag 17 Oktober vanaf 09:00 tot 12:00 gratis borsondersoeke by Heilbron Kliniek*

*• Heilbron Kliniek*

**Wat is die simptome?**

Vroeë borskanker toon gewoonlik nie simptome nie, maar soos die gewas groter word, kan die bors anders begin lyk of voel.

**Tipiese veranderinge sluit in:**

- 'n Knop of verdikking in of naby die bors of in die armholte
- 'n Verandering in die vorm of grootte van die bors
- Kuiltjies of rimpels in vel van die bors
- 'n Tepel wat na binne inkeer
- Abnormale afskeiding van die tepel
- Skubberigheid, rooi of geswelde vel op die bors, tepel of areola (die donker deel rondom die tepel)
- Die vel van die bors lyk of voel soos lemoenskil

**Vroeë opsporing van borskanker:**

Borskanker wat vroegtydig opgespoor word, kan meer effektief behandel word met 'n groter kans op herstel. Al voel jy nou gesond, staan jy nog steeds 'n kans om borskanker te ontwikkel omdat jy 'n vrou is en ouer word. Gereelde ondersoeke gee egter gemoedsrus - vroegtydige opsporing kan jou lewe red. Wees bewus van hoe jou borste normaalweg lyk en voel. Bespreek enige veranderinge wat jy opmerk met jou mediese praktisyn. Bors-selfondersoeke behoort elke maand tydens ovulasie gedoen te word (verkieslik op dieselfde tyd van die dag). Baie vroue ondervind dat hul borste soms knopperig voel - dit is normaal. As jy egter 'n verandering in jou borste of armholtes opmerk, vra jou mediese praktisyn om 'n kliniese borsondersoek (KBO)) te doen.

SureTouch is 'n siftingstoestel wat knoppe, so klein soos 5mm in die bors uitwys. Ondersoek en geverifieer deur KANSA, is hierdie toestel 'n meer effektiewe siftingsmetode en is meer betroubaar as 'n bors-selfondersoek, maar vervang nie 'n mammogram nie. Siftingsondersoeke is beskikbaar by die meeste KANSA Sorgsentra.

'n KBO is 'n visuele en tasbare ondersoek van die hele bors - vanaf die sleutelbeen tot die bralyn en van die armholtes tot by die borsbeen. As jou roetine mediese ondersoek nie 'n KBO deur 'n mediese praktisyn insluit nie, vra daarvoor. Vroue 40 of ouer, of wat ander risikofaktore het.

**Jy het 'n hoër risiko vir borskanker indien:**

**Jy ouer as 50 is:** Die kans om borskanker te kry verhoog namate jy ouer word. Alhoewel meeste vroue ouer as 50 is wanneer hulle gediagnoseer word, word vroue in hulle twintigs en dertigs toenemend met borskanker gediagnoseer.

**Jy 'n gesinslid met borskanker het:** Jy het 'n groter kans om borskanker te kry as jou ouma, ma, suster of dogter bors- of ovariale kanker gehad het. Jou risiko verhoog as hulle dit voor 50-jarige ouderdom gehad het. Vra jou mediese praktisyn aangaande genetiese raadgewing.

**Jy 'n persoonlike geskiedenis van kanker het en daarvoor behandel is:** Vroue wat voor die ouderdom van 30 hoë dosisse chemoterapie, of bestraling van die borskas (insluitende die borste) ontvang het, het 'n groter kans om borskanker te kry. Navorsing dui daarop dat hoe jonger 'n vrou is wanneer sy hierdie behandeling ondergaan, hoe groter haar kanse om later borskanker te kry.

**Jou borsweefsel baie dig is:** Vroue wie se mammogramme toon dat hul borsweefsel digter is as ander vroue van dieselfde ouderdom het 'n groter kans om borskanker te kry. 'n Sonar mag benodig word aangesien digte borsweefsel dit moeilik maak vir 'n mediese praktisyn om moontlike gewasse op te spoor.

**Jy nog nooit geboorte geskenk het nie, of jy 35 of ouer was met jou eerste bevalling:** Vroue wat nooit kinders gehad het nie het 'n groter kans om borskanker te kry. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat swangerskappe die aantal menstruele siklusse in 'n vrou se lewe verminder.

**Jy tans (of tot redelik onlangs) geboortebeperkingspille (mondelingse voorbehoedmiddels) reeds vir etlike jare gebruik:** Navorsing toon dat vroue wat mondelingse voorbehoedmiddels gebruik 'n groter kans het om borskanker te kry as vroue wat dit nooit gebruik het nie. Die risiko verlaag as vroue dit vir meer as 10 jaar nie gebruik het nie.

**Jy post-menopousaal is en gekombineerde hormoonvervangsterapie (HVT) gebruik wat estrogeen en progesteroon bevat:** Vroue wat kombinasie HVT gebruik se risiko vir borskanker verhoog aansienlik binne die eerste 2 tot 3 jaar van gebruik. Kombinasie HVT verhoog ook die kanse dat borskanker eers in 'n gevorderde stadium opgespoor word - moontlik omdat dit borsweefsel laat verdig en mammogramme minder effektief maak. Hoër dosisse kombinasie HVT verhoog borskanker risiko. Vroue wat kombinasie HVT vir minstens 5 jaar gestaak het, se risiko vir borskanker verlaag.

**Jy 2 of meer standaard sopies alkohol per dag drink:** Alkohol verhoog beslis vroue se kanse om borskanker te kry. Die risiko verhoog namate meer alkohol gebruik word. Diegene wat 2 of meer standaard drankies per dag drink se risiko is bykans dubbel dié van vroue wat nie alkohol gebruik nie. Oormatige gebruik van alkohol verhoog ook die risiko om mond-, keel-, slukderm- en lewerkanker te ontwikkel.

**Die meeste vroue met sommige risikofaktore ontwikkel nooit borskanker nie. Alhoewel baie skaars, kan mans ook borskanker ontwikkel:** Jy kan jou kanse om borskanker te kry, verlaag deur 'n gebalanseerde lewenstyl te handhaaf en deur omgewing karsinogene te vermy. Wees fisies aktief, waak teen oorgewig en beperk jou alkohol inname. Vroue wat vir minstens 18 maande borsvoed, kan hul (en hul babas) se risiko verlaag.

Bron: KANSA - Tolvry 0800 22 66 22 www.cansa.org.za

# Munisipale grense onder die loep

Die Munisipale Afbakeningsraad is tans bedrywig met die hersamestelling van munisipale grense. Voorstelle deur belanghebbendes vir veranderinge aan grense was in Maart vanjaar deur die Afbakeningsraad aangevra.

Kommentaar op die voorstelle moes binne 30 dae na publikasie daarvan ingedien word. Ngwathe Munisipale Raad het op 31 Maart vanjaar verskeie van die voorstelle oorweeg en besluit om by die Afbakeningsraad aan te beveel dat 'n aantal moontlikhede ondersoek moet word. Hulle is die totstandkoming van nuwe plaaslike munisipaliteite bestaande eerstens uit Edenville, Kroonstad, Viljoenskroon en Parys, tweedens uit Sasolburg, Deneysville, Oranjeville en Heilbron, derdens uit Viljoenskroon, Vredefort en Parys en vierdens uit Kroonstad, Edenville, Koppies en Parys.

Daar was egter ook voorgestel dat dit steeds 'n alternatief bly om die bestaande samevoeging van Parys, Vredefort, Koppies, Edenville en Heilbron as munisipaliteit te behou. Volgens Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe het sy party nie enige van die voorstelle ondersteun nie omdat hulle beleid is dat mag sover moontlik gedesentraliseer en afgewentel behoort te word en dat elke dorp hom dus self moet bestuur. "My, en my party, se oorwoë mening is dat dorpe, selfs kleiner dorpe, veel beter bestuur was toe elkeen 'n entiteit op sy eie was," sê hy.

"Tans beskik elke dorp wat deel van die Ngwathe Munisipaliteit vorm oor 'n areabestuurder, maar is senior personeel hoofsaaklik slegs in Parys gesetel en kry ander dorpe baie male nie die aandag wat sulke seniors daaraan behoort te bestee nie," sê raadslid Van der Merwe verder.

Die Afbakeningsraad het vroeër aangedui dat 228 voorstelle vir herafbakening in totaal ontvang was waarvan 217 verwys is vir verdere ondersoek. Daarvan is 23 uit die Vrystaat ontvang. Die Raad het pas die hou van sittings waar mondelinge insette oor die voorstelle aangehoor was, afgesluit. Volgens die tydraamwerk van die Raad word alle insette verkry deur navorsing, openbare vergaderings en ondersoek verhore gedurende Oktober en November 2023 verwerk. Besluite oor die voorstelle word dan in die Provinsiale Koerante gepubliseer en 30 dae geleentheid vir besware word gegun. Gedurende Desember 2023 en Januarie 2024 word besware oorweeg. Finale afbakening vir die 2026 munisipale verkiesing word beplan om iewers tussen September 2024 en Oktober 2025 aangekondig te word.



# UIT DIE PEN: *Week 41 van 2023*

Ek sien en hoor baie van mense wat bedrog gepleeg het en omkoopgeld ontvang het. Omkoopgeld of gunste is redelik moeilik om op te spoor, vra maar vir Zondo. Maar bedrog moet jy tog iewers agterkom. Dalk die baas of die Finansiële administrateur, dalk die ouditeur. Dit is immers waarvoor hulle betaal word. Baie maatskappye kom egter op 'n mooi dag agter dat daar letterlik miljoene uit hulle rekening gesteel is. Oor 'n hele paar jaar.

Waar was al die kontrolemaatreëls, wonder ek?

Ek lees onlangs op Netwerk24: "40 Sassa amptenare by bedrog van R 50 miljoen betrek." Op 4 Oktober: "Oos-Kapenaar in hof na POF glo byna uit R 8,3 miljoen bedrieg is." Op 19 September: "Bankwerker (65) konkel glo sodat kliënte vir lenings kwalifiseer." 13 September: "Oud-Prokureur vas ná R 3,8 miljoen se bedrog." En die een wat my amper reg agteroor laat slaan het: Boksburg se Aspoestertjie: "So het sy meer as R 500 miljoen gesteel en bestee."

Oor laasgenoemde het ek net my kop geskud. Die dame het vanaf September 2004 tot Mei 2017 haarself gehelp aan net meer as R 500 miljoen. Oor 160 maande het sy maandeliks 'n meevallertjie van min of meer R 3,125 miljoen gekry. Benewens haar salaris.

Sy het baie slim te werk gegaan: sy het die vermiste geld verbloem deur blykbaar vals SAID belastingopgawes namens haar werkgewer in te dien.

Wat ek glad nie verstaan nie, is dat ek so ses jaar gelede geoudit is, waar ek kon bewys dat al my dokumentasie korrek was. Het SAID dan nie agtergekom dat die dame van Boksburg en haar maatskappy besig was met onwettighede nie? Iewers moes iemand lont geruik het toe sy 11 motors aangekoop het, onder andere 'n Ferrari, twee Range Rovers, 'n Ford Mustang en 'n pragtige Porche. Sy en haar man het gereeld luukse vakansie bestemmings in Frankryk en Mauritius gehad.

Hoe sien niemand die rooi ligte raak nie? Maar aan die ander kant: hoe op aarde leef jy met jouself saam?

Sonder 'n morele kompas is dit sekerlik baie maklik om die verkeerde besluit te neem.

Op 'n mooi dag het ek die dienste van 'n nutsman bekom om vir ons 'n muurlange boekrak by die huis in te bou, kompleet met 'n leertjie. Net soos op die prentjie. Later het ons kantore die dienste van 'n nutsman nodig gehad, en ek het weer my nutsman gekontak. Hy het rakke by ons kantore kom installeer, vir ons veiligheidsdeure ingesit en prente kom ophang.

My werkgewer trek na 'n nuwe blyplek toe en hy vra die telefoonnommer van nutsman. Ek laat weet die nutsman dat hy nog werk gaan kry. En, lag ek, jy moet maar vir my 'n ou ietsie onder deur die tafel gee. Ons lag altwee of my lawwe grappie.

Later die middag bel nutsman my.

"Waar moet ek vir jou geld inbetaal?"

Ek maak eers 'n flikflak en wonder waaroor hierdie gesprek gaan?

"Wat bedoel jy?"

"Die ietsie onder deur die tafel."

Ek lag sommer kliphard.

Nee, nee, nee, dit was grap!

"Ek wil niks hê nie, baie dankie," sê ek.

"Kan ek vir jou 'n geskenk koop?"

"Nee, ek wil regtig nie 'n geskenk hê nie."

"Wat van 'n ete?"

"My vriend, nee, dankie. Ek wil niks hê nie. Ek wil hê jy moet werk hê sodat jy geld kan kry vir daardie take en uiteindelik na jou gesin kan omsien. As jy gelukkig is, is ek gelukkig. End van die prent."

Nadat ek die foon neergesit het, voel ek so half stomgeslaan dat iemand my so iets kan aanbied. Dalk het hy my verkeerd verstaan. Dalk het hy gedink dat die meeste mense maar iets onder die tafel kry. Miskien is "stomgeslaan" nie die regte woord nie. Dalk eerder teleurgesteld dat iemand so iets van my dink.

Lyk ek soos 'n skelm wat omkoopbaar is?

Nadat die gevoelens bedaar het, was ek dankbaar vir die morele kompas wat ek met moedersmelk ingekry het. Niemand in my gesin het ooit spesifiek gesê dat ek nie bedrog moes pleeg nie, maar ek het die eerlike mense rondom my raakgesien en gestrewe om so te wees. Dalk was "geen valse getuienis" in Eksodus in my DNS ingeprent.

Miskien is dit juis die rede vir die bedrogsake wat ek aan die begin van my skrywe genoem het. Sommiges het geen morele kompas nie. Of dalk is die kompas onderontwikkel. Daar was dalk nie 'n navolgingswaardige voorbeeld nie.

Miskien het die bedrog een keer gewerk en die persoon het daarmee weggekom, en gaan nou vir 'n groter teiken. Ek weet nie. Alles spekulasie.

Hierdie week se les is om 'n navolgingswaardige voorbeeld te wees. Soggens, voordat my kollegas by die werk opdaag, doen ek my Bybelstudie. Ek is besig om saam met Moses deur die woestyn te trek. Die arme man! In my gebed vra ek dan die Here se hulp om vandag 'n mens met integriteit en wysheid te wees.

Foute word gemaak, ja natuurlik. Jy kan regmaak wat verbrou is. Maar as jy aanhou om die verkeerde pad te stap, gaan jy uiteindelik uitgevang word en alles verloor.

En as jy jou naam verloor het, beteken jou van net mooi niks.

Lewe jy só dat iemand na jou kan opkyk vir leiding? Ek weet nie of dit reeds met my gebeur nie, maar ek probeer.

# INSPIRASIE RESEPTE -

**STARTERS**

My easy recipe for barbeque chicken wings. A great game day snack, and with the rugby world cup in full swing, you can impress your guests. It's always a hit and quick to prepare.

**BARBEQUE CHICKEN WINGS WITH BARBEQUE DIPPING SAUCE**

Preparation time – 2 hours
Cooking time – 20 minutes
Serving – 4 people




**Ingredients for the barbeque wings**

20 chicken wings
2 cloves garlic, grated
2 cm piece ginger, grated
2 tablespoons soya sauce
1 tablespoon chilli flakes
500ml of your favourite basting Sauce

**Method for the chicken wings**

Cut all the wings on the joints and discard the tips (can freeze for stock). Place the mini winglets in a mixing bowl and add the garlic, ginger, chilli, and soya sauce to the wings. Mix well, close and refrigerated for at least 2 hours. Remove from the fridge at least 30 minutes before cooking.
Grill on medium heat for 6-7 minutes on a side. Now baste with the Ultimate Basting Sauce and grill for another 2 minutes on each side. Remove from the grill and toss with extra basting sauce before serving.



**Pasch du Plooy**

**How to serve**

Serve with fresh lemon and extra basting on the side

**Chefs note:**

Wings can be precooked a day before and just finished on the grill with basting sauce.




# AGS Jeugkamp (GAP) -
## *God Answers Prayers*








*Vanaf 5 tot 8 Oktober 2023 het die energieke jeug van die AGS Heilbron 'n onvergeetlike tyd beleef by die pragtige Vegkop Slagveldterrein. Hierdie ervaring by die AGS God Answers Prayers Kamp het nie net 'n impak op hul lewens gemaak nie, maar het hulle gees en harte versterk. In 'n groep van 80 dinamiese tieners het hulle 'n reis aangepak wat 'n balans gevind het tussen plesier en erns, en hulle het nie teruggekyk nie. Tydens die kamp het die deelnemers genoegsame geleenthede gehad om te ontspan, te lag, en vriendskappe te smee wat 'n leeftyd sal hou. Maar dit was nie net oor plesier nie. Hier het hulle ernstige oomblikke beleef waar hulle nader aan God gekom het, en waar geloof en geestelike groei in die voorgrond was. 'n Kern van hierdie besondere tydperk was die inspirerende toesprake van Pastoor Derick de Lange, asook Charmai Lotter. Hierdie twee ervare sprekers het nie net die jeug se harte aangegryp nie, maar hulle het ook lewensveranderende boodskappe gedeel wat die deelnemers sal lei in hul geloofsreis. Dudley Mans van Kruiskyk en sy groep het die Saterdag en Sondag die jeug gelei in lof en aanbidding. Die AGS Jeug van Heilbron het 'n onvergeetlike reis deur die AGS God Answers Prayers Kamp gemaak, en hulle het elke oomblik gekoester.*









# AfriForum se Heilbron-tak maak reuseverskil met #OnsDorp-projek

Die AfriForum-tak in Heilbron het in September gewoeker met verskeie aksies wat ten doel het om die dorp veilig en netjies te hou. Daar is ondermeer padmerkers geverf in Langmark-, Pierce- en Kerkstraat en verskeie skoonmaak-aksies aangepak.

Die padgeute en middelman in Piercestraat is skoongemaak, ’n boom wat omgeval het en die pad versper het is ook opgesaag en verwyder. Daar is ook vullis opgetel en verwyder by die area naby die dam, asook tussen Kerkstraat en die hospitaal en by die oop veld agter die munisipaliteit.

“’n Mens staan verstom oor die groot verskil wat net twee mense een dag per week kan maak. As die gemeenskap betrokke raak, dan maak ons die hele dorp sommer binne ’n week skoon,” sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder in die Mooirivier-streek.

Die tak herinner graag die gemeenskap dat die gholfdag om die draai is. Op 4 November kan lede van die gemeenskap gholf speel saam met adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgings-eenheid, Raymond Hohls, hoof van






Veiligheid by AfriForum en Corné Cronje, hoof van Strukture by AfriForum. Bespreek so gou as moontlik om teleurstelling te voorkom.


Raak by AfriForum se Heilbron-tak betrokke om ’n daadwerklike verskil in jou gemeenskap te maak.

Kontak Paul Berg by 081 354 3073.

Alta Pretorius
Distrikskoördineerder: Mooirivier, AfriForum
Sel: 081 392 2071, E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za

Chanté Kelder
Mediaskakelbeampte, AfriForum
Sel: 063 627 1692, E-pos: chante.kelder@afriforum.co.za

# Skenk bloed en red 'n lewe ...




Met die onlangse bloedskenkgeleentheid in Heilbron op 26 September, het die gemeenskap van Heilbron weereens hul groot harte en bereidwilligheid getoon. Hierdie geleentheid was 'n belangrike poging om lewens te red, maar daar is steeds 'n uitdaging wat aangespreek moet word. Heilbron het 53 dapper skenkers verwelkom, waarvan 49 kon bloedskenk en saam 'n indrukwekkende totaal van 59 eenhede bloed geskenk het. Hierdie is 'n bewys van die medemenslikheid en saamstaan van die gemeenskap in hierdie dorp. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddienste (SANBS) het 'n mikpunt van 70 eenhede gehad vir hierdie geleentheid, en hoewel die deelname waardeer word, is daar 'n dringende behoefte aan meer skenkers. Die SANBS ondervind tans 'n afname in die aantal mense wat bereid is om bloed te skenk in Heilbron, en dit kan 'n nadelige invloed hê op die voorsiening van bloed vir mediese prosedures en noodgevalle. Daarom doen SANBS 'n beroep op die gemeenskap van Heilbron om hul hulp te bied en weer 'n ster bloedskenkkliniek te word. Die skenkers wat tyd uit hul besige skedules geneem het om bloed te skenk, verdien 'n groot dankie. Hulle het bewys dat elke druppel bloed 'n verskil in mense se lewens kan maak. Bloedskenking is 'n lewensreddende daad van barmhartigheid, en hierdie skenkers het dit moontlik gemaak vir diegene wat mediese sorg benodig om die geskenk van 'n tweede kans te ontvang. Dus, word daar aan die gemeenskap van Heilbron, 'n beroep gedoen om die oproep van SANBS te hoor en om saam te werk om 'n verskil in die lewens van ander te maak. Elke druppel bloed maak 'n verskil, en elke skenker is 'n held. Saam kan die gemeenskap van Heilbron lewens red.



*Op die foto Eugene Meyer*

# Huppel Trippel gesels oor hul trou-herinneringe



Daar is heerlik gekyk na mekaar se troufoto's. Dit was ook ’n lekker uitdaging om te raai wie die paartjie op die foto is, aangesien daar troufoto's van 50 jaar en langer gelede was. Nostalgiese herinneringe is met mekaar gedeel.

Op 24 Oktober is Elza Kriel die gas. Sy sal terselfdertyd ook die program aanbied. Dit belowe om, soos altyd, weer ’n genotvolle saamkuier-oggend te wees.

*Op die foto links: Alberta Kühn*

# Flippie doen dit weer






*Op 30 September het Flippie Snyman, van die plaas Krabfontein, vir die 6de agtereenvolgende keer weggeloop met die trofee vir die Swaarste Bees, by Herza se Jaarlikse Vetveeveiling. Die wenner van die dag was ’n reuse os wat 1346kg (881kg aan die hak), geweeg het. Snyman het ook ’n bul met ’n gewig van 1310kg (898kg aan die hak), ingeskryf. Die gemiddelde gewig van die 10 diere waarmee hy op die dag gaan spog het, was ’n merkwaardige 1200kg!*

# Borskanker bewusmakingsmaand

Pienk Oktober staan bekend as borskanker bewusmakingsmaand Dit is 'n tyd waarin ons die lig op hierdie kritieke kwessie skyn om mense te leer oor die belang van vroeë opsporing en behandeling. Die Tuinbouklub het 'n spesiale poging aangewend om hierdie bewustheid te bevorder, maar dit was nie sonder 'n onverwagse wending nie. Die klub het spesifiek 'n spreker gesoek om hul lede in te lig oor borskanker en die belang van gereelde sifting en bewustheid. Ongelukkig was daar 'n afwesigheid van 'n beskikbare spreker om hierdie spesifieke kennis met die gemeenskap te deel, maar soos dit soms in die lewe gebeur, het 'n onverwagte helder ster na vore getree. Sonet van Zyl, 'n individu wat eers betrokke was by die Cancer Association of South Africa (CANSA) en nou werk by die CHOC Children Cancer Foundation South Africa, het die geleentheid aangegryp om 'n belangrike boodskap met die dames te deel. Terwyl die vroue in die Tuinbouklub dalk nie ingelig was oor borskanker nie, het Sonet hulle ingelig oor die kankers wat kinders affekteer. Die statistieke oor kinderkankers in Suid-Afrika is skokkend en werp 'n skerp lig op die uitdagings wat hierdie jong lewens in die gesig staar. Sonet het hierdie inligting met passie en kennis oorgedra. Haar praatjie het 'n sterk indruk gelaat op almal teenwoordig, want dit het ons herinner aan die noodsaaklikheid om ons kinders te beskerm en te ondersteun in hul stryd teen kankers. Die bewustheid en hulpbronne wat CHOC Children Cancer Foundation South Africa bied, is van baie waarde vir diegene wat dit nodig het. Die Tuinbouklub het dalk nie die verwagte spreker gehad nie, maar hulle het 'n onverwagte bondgenoot in Sonet van Zyl gevind, en vir dit is ons dankbaar. Laat ons in hierdie Pienk Oktober maand die belofte maak om bewustheid te bly bevorder, nie net oor borskanker nie, maar ook oor die stryd teen kinderkankers en die beskerming van ons toekomstige leiers.





# OK Meubels Vrydagmiddag beroof deur gewapende persone

Vrydagmiddag, net voor 13h00, het OK Furniture se personeel 'n skrikwekkende voorval beleef toe die besigheid deur drie gewapende persone, in die middel van 'n gewone besige dag, oorval is. Gelukkig is daar geen een persone beseer tydens die rooftog nie. Hulle het vinnig en doelbewus selfone en skootrekenaars geneem voordat hulle die toneel ontvlug het. Die polisie is onmiddellik na die toneel ontbied en het 'n ondersoek na die voorval geloods.

# VL wil beleid oor private vervaardiging van diere entstowwe aanspreek

• *Vrystaat Landbou*

Die onlangse massa-uitslag van 3,5 miljoen hoenders in Suid-Afrika as gevolg van voëlgriep (Avian Influenza) is 'n rede tot ernstige kommer vir Vrystaatse boere. "As dit met die Pluimveebedryf kan gebeur, kan dit ook met beeste, skape, varke, perde, ens gebeur." sê Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou (VL).

Die Vrystaat het in 2022 ons bek-en-klouseer-vrye status verloor weens uitbrekings hier wat vanaf die "beheerde sones" in Limpopo en KwaZulu Natal versprei het.

Net soos in pluimvee, waar entstowwe streng gereguleer word en as 'n reël nie vir voëlgriep gegee word nie aangesien dit te vinnig muteer, kan entstowwe vir bek-en-klouseer slegs deur die departement se staatsveeartse gegee word. Die ander groot risiko is die vermoë van die staatsbeheerde en enigste verskaffer van entstowwe, Onderstepoort se Biologiese Produkte Laboratorium (OBP), om genoeg entstof betyds te vervaardig. Daar was onlangs 'n langdurige tekort aan entstowwe vir Bloutong en Slenkdalkoors om net twee siektes te noem. Dit veroorsaak groot angs onder boere wat hul hele kudde kan uitwis as die siekte sou versprei. Met die laaste paar nat jare wat panne volgemaak het, onlangse reën en opwarming, is toestande ideaal vir muskiete wat baie ernstige dieresiektes versprei." meen Wilken.

"Wanneer daar 'n uitbraak van 'n siekte is, is die wette, regulasies en prosesse wat die registrasie, invoer of private vervaardiging van 'n nuwe entstof beheer, beswarend," sê Friedl von Maltitz, vise-president van VL en veeboer van die Oos-Vrystaat. Dieselfde wette wat diere-entstowwe reguleer, reguleer ook saad, kunsmis, voer en diereprodukte. "Aangesien dit 'n nasionale risiko vir die veerkragtigheid van die landbou as geheel is, sal ons via AgriSA by die wette en regulasies betrokke raak," sê Von Maltitz.

"Om ons veerkragtigheid as 'n sektor te verbeter, moet ons ernstig kyk na die beleide wat ons verhoed om vinnig op te tree teen die toenemende voorvalle van siekte-uitbreking wat ons kan verwag met meer wisselvallige weer," voeg Wilken by. "Dit is van kardinale belang vir winsgewende en volhoubare voedselproduksie vir alle boere, ongeag hul grootte, en dus ook vir langtermyn voedselsekerheid."

VL doen 'n ernstige beroep op alle boere om hul biosekuriteit ernstig op te neem en het bevestig dat die organisasie binnekort hul Vrystaat Diere Identifikasie, Beweging en Veiligheid stelsel bekend sal stel.

**Woordvoerders:**
Francois Wilken
President, Vrystaat Landbou
083 390 1831
Friedl von Maltitz
Visepresident, Vrystaat Landbou
083 462 7476
Gernie Botha
HUB, Vrystaat Landbou
082 376 4435
gernie@vslandbou.co.za
Dr Jack Armour
Kommersiële bestuurder
071 672 0271 / jack@vslandbou.co.za
**Kommunikasiebeampte:**
Elana Bester
083 483 1859 / elana@vslandbou.co.za




HP CRANES CO
YOUR BOILERMAKING SOLUTION
STAINLESS
& MILD STEEL
SOLUTION
GEREGISTREER BY SABS
JACO SWART:
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za
MARTIN SWART:
082 389 7961
martin@ejsm.co.za
EDDIE SWART:
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za
Tyd-effektiewe Diens
vir die landbousektor
Cnc Plasma Snywerk
· SAGTE STAAL - SNY TOT 30MM DIKTE
· STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 20MM DIKTE
· BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR


SULTING (PTY) LTD
SWL. 8000 KG
Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
· GIF MENGTENKS
· SAADMENGERS
· STATIESE TENKS
(304, 316 EN SAGTE STAAL)
· SPIRAAL ROLLER
· SPUITE
· STROPER SLUITPARTE
· VERVOERBANDE
· WAENS
Herstelwerk
· AGRI IMPLEMENTE
· ALGEMENE SWEISWERK
· SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK
Trailers: ONDERDELE & SEILE
triangle
WEWELER
HENRED FRUEHAUF
Bearings
· ALLE TIPE BEARINGS
· RATKASTE
· MOTORS
BEARINGS INTERNATIONAL
BMG
Hidrolies
· VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
· ALLE GROOTTE PYPE
· MULTI-SPIRAL PYPE
· SILINDERS
· MOTORS
www.ejsm.co.za

# OK Heilbron gee terug aan hul kliënte




Op die foto vl: Philasande Mazula en Corné Bornman.




Op die foto vl: Mohatlana Mokoena en Corné Bornman.




Op die foto vl: Morné Flemming en Retha Marx




Op die foto vl: Nico Bekker en Corné Bornman.

# "Enchanté" Heilbron

Marjolène en Timothée, vanaf Parys, Frankryk, het onlangs 'n besoek aan Heilbron afgelê. Hulle het besluit om vir twee weke op Piet Lombaard se plaas te kuier om 'n bietjie WWOOFing te probeer, wat staan vir "Wêreldwye Geleenthede vir Organiese Plase." Die idee is om 'n organiese plaas te besoek en daar te werk in ruil vir verblyf en kos. Dit is die eerste keer dat hulle dit probeer. Hulle wou vir 'n tydperk hul lewens verander en sien hoe die buitewêreld werk. Dit is ook betekenisvol vir hulle om betrokke te raak by 'n projek wat strook met hul idees: om 'n tipe landbou te bevorder wat hulpbronne bewaar en die omgewing respekteer. "Tot dusver was dit 'n verrykende ervaring. Piet en Jaco, het ons na verskeie plekke in die Vrystaat geneem. Ons het 'n hele paar interessante en vriendelike mense ontmoet." Hierdie twee is nou op pad na die Kruger Nasionale Park, aangesien hulle WWOOFing-avontuur steeds aan die gang is. Marjolène en Timothée se reis deur Suid-Afrika het 'n nuwe dimensie aan hul lewens gegee. Hulle het nie net die pragtige landskappe van die Vrystaat ontdek nie, maar ook die ryk kultuur en die vriendelike mense wat hulle daar ontmoet het. Hulle het waardevolle ervarings opgedoen terwyl hulle gewerk het om organiese boerdery te bevorder, iets wat vir hulle persoonlik baie betekenisvol is. WWOOFing is 'n unieke manier om die wêreld te verken en 'n verskeidenheid van mense te ontmoet wat betrokke is by projekte wat 'n verskil maak in die samelewing.



Op die foto vl: Timothée Quatremare, Piet Lombard en Marjolène Straube. Foto onder: Besoek Parys in Vrystaat.




# Voetbrug steeds onvoltooid: Vrae daaroor

Die onvoltooide voetbrug tussen Sandersville en S-Seksie maak DA-raadslid Robert Ferendale steeds warm onder die kraag. Herald het reeds tevore berig oor hierdie duur projek wat met groot trompetgeskal geloods is, en nou onvoltooid en onbruikbaar agteruitgaan nadat die kontrakteur nie die projek kon voltooi nie.

"Dis 'n skande, 'n groot vermorsing van geld, wat op geen manier die gemeenskap bevoordeel nie," sê Ferendale in 'n verklaring. Hy sê 'n ondersoek na die mislukte projek, en hoe om dit reg te stel, het nog op niks uitgeloop nie. Daarom het hy nou per brief vrae daaroor aan die waarnemende munisipale bestuurder gerig. Hy vra wanneer die nuutaangestelde kontrakteur weer met met konstruksie sal begin, en wat nou begroot is om die bouwerk te herstel en te voltooi. "En ek vra of daar bepaal is dat boetes gehef kan word indien die nuwe kontrakteur nie volgens kontrak vorder nie."

Hy het reeds antwoorde hierop probeer bekom sê hy, maar sonder sukses. Daarom het hy sy vrae nou formeel gevra. As hy nie binnekort antwoorde ontvang nie moet sy geskrewe vrae, volgens die Raad se ordereëls, op die eersvolgende raadsvergadering beantwoord word, en wel ook skriftelik.

# Ngwathe raad keur Eskom skuldverligtingsaansoek goed

Die Ngwathe Munisipale Raad het verlede week vergader vir die eerste verpligte algemene vergadering van die nuwe finansiële jaar wat in die eerste kwartaal van die boekjaar moet plaasvind. Die raad het met kommer kennis geneem van die tempo waarteen sy skuldlas groei en het besluit dat dit as deel van die Eskom afskrywing-aansoekplan waaroor die raad ook moes besin, hanteer moet word.

Ten aansien van die Eskom-kwessie het Mnr Ben Klopper van Tesourie die raad toegespreek en hulp van tesourie se kant aangebied met Ngwathe se pogings om uit sy skuld-moeras te kom. Nasionale Tesourie hanteer tans 'n proses waarkragtens munisipaliteite kan aansoek doen om afskrywing van Eskomskuld soos op 31 Maart 2023, mits aan 'n omvattende lys van vereistes voldoen word. Hy het die lys met die raad deurgewerk en bespreek. Dit spruit uit 'n onlangse aankondiging deur die regering dat munisipale skuld aan Eskom oor 'n periode van drie jaar afgeskryf moet word, mits aan 'n reeks vereistes voldoen word. Die eerste en belangrikste daarvan is dat die munisipaliteite stiptelik maandeliks hul Eskom verbruik rekening moet diens, wat Ngwathe tans nie regkry nie.

"Aspekte wat my tot kommer strek en wat ek in die vergadering opgehaal he,t is onder andere die munisipaliteit se vermoë om streng skuldbeheer te kan toepas, wat staking van krag- en watertoevoer of alternatiewelik die vermindering van watertoevoer insluit, soos vereis word in die plan. Ek is veral bekommerd oor die haalbaarheid van die vereiste dat watervoorsiening aan wanbetalers, waarvan daar duisende is, verminder of gestaak moet word omdat dit waarskynlik sal meebring dat duisende watermeters vervang sal moet word met meters wat oor die kapasiteit beskik om verminderde of dan beperkte toevoer te bewerkstellig," sê VF Plus raadslid Phillip van der Merwe aan Herald.

"Ek is ewe bekommerd oor die vereiste dat slegs sogenaamde "smart meters" volgens die voorskrifte van die plan vir elektrisiteitsvoorsiening en veral ter vervanging van defekte of gebrugde meters gebruik mag word. Die betrokke meters is duur en Ngwathe beskik tans nie eers oor fondse om gewone meters te kan vervang nie," sê hy verder. Blykbaar is Tesourie tans besig met 'n ondersoek om maniere te probeer vind om munisipaliteite in die verband by te staan, maar dit is duidelik gestel dat daar tans bloot 'n ondersoek is en dat geen verwagtinge daardeur geskep kan word nie.

"Nog 'n aspek wat kwel is die vereiste van 'n befondsde begroting. Met Ngwathe se huidige invorderingskoers van ongeveer 50% (en soms selfs minder) lyk dit nie haalbaar nie. Boonop blyk dit dat verwag sal word dat die munisipaliteit in die eerste van die drie jaar periode reeds 80% van sy begrote inkomste sal invorder. Ek betwyfel of die doelwit selfs met hulp van Tesourie bereik sal kan word, veral ook weens die kultuur van wanbetaling wat oor jare toegelaat was om homself te vestig," voeg raadslid Van der Merwe by.

"Voorgaande is maar enkele van 'n hele aantal vereistes waaraan voldoen sal moet word om vir die afskrywing te kan kwalifiseer. Die raad was versigtig optimisties dat daar dalk tog met die hulp van tesourie 'n verskil gemaak sal kan word en het besluit dat 'n verbete poging aangewend moet word om aan die vereistes te probeer voldoen en as sulks te kwalifiseer vir die skuldverligting," sluit raadslid Van der Merwe af.

# KENNISGEWINGS

**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA GAUTENG DIVISION, PRETORIA**

**Case No: 29240/2022**
In the matter between
**CAROL HEATHER DE VILLIERS-SMITH**
**(ID NO: 871229 0041 081)**
*PLAINTIFF*
And
**JAMES PERCIVAL DE VILLIERS-SMITH**
**(ID NO: 580908 5149 08 5)**
*DEFENDANT*

**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**
**IN PURSUANCE OF A COURT ORDER** dated **17 OCTOBER 2022,** and a Writ of Execution dated the 2 AUGUST 2023, the goods listed hereunder will be sold in execution on the **23rd day of OCTOBER 2023** at 13:15 at **MAGISTRATE COURT, ELS STREET, HEILBRON,** to the highest bidder:

**TERMS: CASH**
**BLACK WOOD DINING ROOM TABLE AND 8 CHAIRS**
**CELESTRON ASTRO MASTER 70 TELESCOPE**
**DEFY FRIDGE**
**BENNET KENT OVEN**
**DEFY DTL144 TOP LOADER**
**DEFY TUMBLE DRYER DEFY FREEZER**
**1X STEEL TABLE**
**1X WOODEN TV CABINET**
**1X WOODEN COFFEE TABLE**
**1X WOODEN TABLE**
**MATSU FLAT SCREEN TV**
**1X DESK & CHAIR**
**1X GOLF SET AND GOLF BAG**
**1X WOODEN GLASS DISPLAY CABINET**
**SONY FLAT SCREEN T.V.**
**MEYA MASTER GAS BRAAI**
**1X WOODEN COUNTER**
**ZIEGLER AND BROWN GAS BRAAI**
**SAMSUNG FLAT SCREEN T.V**
**1X COUNTER**
**YAMAHA XTS MOTOR BIKE**
**REG NUMBER HSN 447 FS**
**1X TRAILER WITH WORK BENCH**
Dated at Pretoria this 7th day of September 2023
**TO: THE SHERIFF OF THE HIGH COURT HEILBRON**
**SAVAGE JOOSTE & ADAMS INC**
**KING'S GATE 5,**
**10th STREET (ON BROOKLYN & JUSTICE MAHOMED STREET)**
**MENLO PARK**
**P O BOX 745, PRETORIA, 0001**
**DOCEX 58**
**TEL: 012 452 8200**
**E-MAIL: tinak@savage.co.za**
**REF: MRS KARTOUDES/80454**

---

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T15217/2003** passed by **WILLEM JOHANNES STEPHANUS MEYER, Identity number 430630 5002 005** married out of community of property in favour of **SARAH SUSANNA LEEB, IDENTITY NUMBER 760808 0052 080** in respect of - **PORTION 1 OF THE FARM MEYERSHOF 1809, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE; IN EXTENT 359,9094 (THREE HUNDRED AND FIFTY NINE COMMA NINE ZERO NINE FOUR) HECTARES which has been lost of destroyed.**

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at KROONSTAD on 9th October 2023.
**APPLICANT:**
**DU PLESSIS LE ROUX ATTORNEYS**
**33 STEYN STREET, KROONSTAD**
**E-MAIL: engela@dpl.co.za**
**TEL: 056 212 6541**



*Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.*
**Ons sluit vir die kersseisoen.**

## KENNISGEWING

**In die boedel wyle:**
**NICOLAAS STEPHANUS OOSTHUIZEN**
**Gebore:** 1960-06-19
**Identiteitsnommer:** 6006195018081
**BOEDELNOMMER: 002810/2022**
**Adres:**
Hertzogstraat 47, Petrus Steyn, 9640
**Datum van afsterwe:** 2021-11-30
Krediteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 13/10/2023.
**AGENT:**
**VAN ZYL - FOURIE PROKUREURS**
**REITZSTRAAT 16 / POSBUS 109**
**PETRUS STEYN, 9640**
**TEL: 083 547 9244**

---

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T15218/2003** passed by **WILLEM JOHANNES STEPHANUS MEYER, IDENTITY NUMBER 430630 5002 005** married out of community of property in favour of **SARAH SUSANNA LEEB, IDENTITY NUMBER 760808 0052 080** in respect of - **PORTION 4 OF THE FARM WELTEVREDEN 379, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE; IN EXTENT 372,8878 (THREE SEVEN TWO COMMA EIGHT EIGHT SEVEN EIGHT) HECTARES which has been lost of destroyed.**

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at KROONSTAD on 9th October 2023.
**APPLICANT:**
**DU PLESSIS LE ROUX ATTORNEYS**
**33 STEYN STREET, KROONSTAD**
**E-MAIL: engela@dpl.co.za**
**TEL: 056 212 6541**

---

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T15219/2003** passed by **WILLEM JOHANNES STEPHANUS MEYER, IDENTITY NUMBER 430630 5002 005** married out of community of property in favour of **SARAH SUSANNA LEEB, IDENTITY NUMBER 760808 0052 080** in respect of - **PORTION 5 (a portion of portion 1) OF THE FARM BELLARY 826, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE; IN EXTENT 85,6532 (EIGHT FIVE COMMA SIX FIVE THREE TWO) HECTARES which has been lost of destroyed.**

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at KROONSTAD on 9th October 2023.
**APPLICANT:**
**DU PLESSIS LE ROUX ATTORNEYS**
**33 STEYN STREET, KROONSTAD**
**E-MAIL: engela@dpl.co.za**
**TEL: 056 212 6541**


## WINKELURE

**MAANDAE – DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
Herald Office National
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**


**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# TE HUUR

**HUIS TE HUUR MIDDEDORP**
3 Slaapkamerhuis met dubbelgeriewe, dadelik beskikbaar.
**Skakel**
**084 257 6745**



Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **15 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***






HERALD Sport

# Volmaakte gelukskoot op syfer vier

Ruan Mienie het Saterdag die byna onmoontlike reggekry toe hy 'n volmaakte gelukskoot op 'n syfer vier by Heilbron Gholfklub gespeel het. Ruan sê dat toe sy bofhou op die 17de net kort van die setperk geland en pen se kant toe gehop het, het die baljoggies opgewonde begin spring en skreeu en het hy geweet geluk is aan sy kant.

'n Putjie in een op 'n syfer vier speel is 'n baie seldsame gebeurtenis in die gholfwêreld. Die waarskynlikheid daarvan is ongelooflik minimaal en dit vereis 'n kombinasie van tegniese vaardigheid, geluk en perfekte omstandighede. Dit is egter belangrik om te besef dat die waarskynlikheid van so 'n skoot afhang van verskeie faktore, soos die lengte en ontwerp van die baan, die posisie van die putjie, die wind en selfs die vaardigheid van die speler self. Die waarskynlikheid om so 'n hou te speel is 6 miljoen teen 1. Soos gebruiklik moes hy vir die klub 'n rondte koop. Gelukkig is sy vrou in die versekeringsbedryf en was hy gedek vir die kostes.



# Heilbron Krieket

## *T20 - Lions Liga*

Heilbron Krieketklub T20 Lions Liga begin die naweek met 'n tuiswedstryd by Hoërskool Heilbron om 14:00 teen Sasolburg A span. Pieter Baan, kaptein, sê die toeskouers kan uitsien na baie opwindende krieket, aangesien daar baie talentvolle spelers in die span is.

Daar sal 'n totaal van 18 wedstryde gespeel word gedurende die 2023/2024 seisoen. Wedstryd datums is aangeheg.


Baie dankie aan Afriforum, Pakworks en OK Heilbron vir hulle bydrae as borge. Dit word opreg waardeer deur die klub en Hoërskool Heilbron. Almal is welkom om gratis te kom kyk en kan gerus braai en kuier langs die veld.

| Venue | 14-Oct | |
|---|---|---|
| Sasol | Sasol B | Meyerton |
| Route 66 | Route 66 A | Route 66 B |
| Heilbron | Heilbron | Sasol A |
| Vereeniging | Vereeniging | Sharpville |
| Vanderbijlpark | Vanderbijlpark | Rust Ter Vaal |

| Venue | 21-Oct | |
|---|---|---|
| Meyerton | Meyerton | Rust Ter Vaal |
| Vereeniging | Vereeniging | Sasol A |
| Route 66 | Route 66 A | Heilbron |
| Sasol | Sasol B | Route 66 B |
| Verref | Sharpville | Vanderbijlpark |

| Venue | 28-Oct | |
|---|---|---|
| Verref | Rust Ter Vaal | Route 66 A |
| Route 66 | Route 66 B | Meyerton |
| Sasol | Sasol A | Sasol B |
| Heilbron | Heilbron | Sharpville |
| Vanderbijlpark | Vanderbijlpark | Vereeniging |

| Venue | 04-Nov | |
|---|---|---|
| Meyerton | Meyerton | Route 66 A |
| Verref | Rust Ter Vaal | Sasol A |
| Route 66 | Route 66 B | Sharpville |
| Sasol | Sasol B | Vereeniging |
| Heilbron | Heilbron | Vanderbijlpark |







VAKANTE BETREKKING

EST. 2021

OJ'S

ON LONGMARKET

Kombuisbestuurder

Bestuurspos
- Voorbereiding van kos en toepassing van kwaliteitsbestuur
- Bestuur van kombuis en alle kombuis personeel
- Voorraadbeheer en plasing van bestellings
- Neem beheer met opleiding van personeel
- Bied positiewe leierskap met die bestuur en leiding van personeel
- Aktief betrokke wees by die dag tot dag take
- Goeie beplanningsvermoë
- Rekenaarvaardigheid is 'n vereiste
- Salaris is markverwant

Stuur asseblief CV's na:
pieter@bluepump.co.za
en jaap@bluepump.co.za

Aansoeke sluit 25 Oktober 2023. Indien u teen 31 Oktober 2023 nog niks terug gehoor het nie, was u aansoek onsuksesvol.

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 16 OKTOBER 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 17 OKTOBER 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

WOENSDAG - 18 OKTOBER 2023
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Jaco Swanepoel 079 526 4637
NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BOTHAVILLE: MERGA STOET
SAVM skape
11:00, Klipplaatdrif
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

DONDERDAG - 19 OKTOBER 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VRYDAG - 20 OKTOBER 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

HEILBRON OK Foods
R200 000 GIVEAWAY
SPEND R200 OR MORE AND SWIPE YOUR OK LOYALTY CARD TO WIN YOUR SHARE OF R200 000
3 WINNERS PER WEEK FOR 20 WEEKS
VALID AT: HEILBRON OK FOODS, OK LIQUOR & OK EXPRESS
18 Aug 2023 until 05 Jan 2024
Terms and Conditions Apply